

'N ONTLEDING VAN DIE KOMPONENTE VAN

DIE PRYSSTRUKTUUR

N J J van Rensburg

— Triomf Kunsmis (Edms) Beperk

Inleiding

Die begrip "Kunsmispryse" word dikwels as 'n enkelvoudige begrip hanteer sonder om na die samestelling daarvan te kyk. 'n Ontleding van die komponente van die prysstruktuur sal ook daartoe bydra om die kunsmisbedryf as sodanig in perspektief te stel.

Vir doeleindes van dié referaat word die prysstruktuur van die kleinhandelsprys in die volgende vier komponente verdeel:—

- (i) Die gedeelte wat aan die voorsieners van grondstowwe toekom;
- (ii) Die gedeelte wat aan die voorsieners van dienste toekom — bedryfskoste;
- (iii) Die diskonto's wat die afnemers toekom;
- (iv) Die gedeelte wat die eienaars toekom.

Grondstowwe

Stikstof

Ammoniak kan beskou word as die sleutel grondstof in die vervaardiging van alle stikstofdraende misstowwe en in die prysberekening vorm ammoniak dan ook die basis van die prysvastelling van die stikstof produkte. In die R S A word ammoniak verkry van twee bronne, naamlik die vergassing van steenkool; of as 'n byproduk by die olie raffinaderye.

Die prys van ammoniak word bepaal deur die geweegde gemiddelde koste van A E C I se nr 4 aanleg te Modderfontein, die nr 3 aanleg van A E C I te Umbogintwini, en Fedmis se aanleg te Milnerton. Die koste van vervaardiging van ammoniak by Sasol en Yskor word nie in ag geneem nie, slegs hulle onderskeie produksie volumes teen die gemiddelde geweegde koste in A E C I se nr 4 aanleg.

In die 1983 prysbepaling is die kostes van die aanlegte wat op petroleumgas gebaseer is, buite rekening gelaat, en is dit verang met die gelewerde koste van ingevoerde ammoniak. Dit het daartoe gelei dat die droëmenger prys van ammoniak met slegs 5% gestyg het. Die vervaardigingskoste van ammoniak by die verskillende aanlegte word bepaal deur 'n geweegde gemiddelde te gebruik van die historiese vervaardigingskoste van die mees resente finansiële jaar. Vir die 1983 pryse was die 1981 kostes gebruik. Hierdie vervaardigingskoste, die verwagte koste gelewer by die fabriek, 'n voorsiening vir waardevermindering plus 'n rendement op kapitaal vorm die basiese ammoniak-prys. By waardevermindering word gevoeg 'n aansuiwering ten opsigte van die geherwaardeerde vaste bates. Die vaste bates word geherwaardeer in terme van die Reserve Bank se groothandelsprys indeks.

Met ammoniak as basis word die stroom-af enkelmisstowwe se pryse bereken teen elkeen se eie koste en opbrengs per ton.

Dit is belangrik om te let op die bronne van ammoniak in die R S A naamlik steenkool of olie.

- Waar steenkool gebruik word as bron word alle kostes in ag geneem, van die myne op die steenkoolvelde tot by die vergassings van die stikstof vervaardigers.
- By petroleumgas is daar 'n nou verband tussen die koste van ru-olie en die koste van ammoniak.
- Albei gevalle het 'n koste implikasie wat eie aan Suid-Afrika is.

Fosfate

Rotsfosfaat

Tans word die prys van rotsfosfaat bepaal op Foskor se begrote kostes vir die jaar waarin die pryse sal geld, plus 'n rendement van 15% op kapitaal aangewend. In die praktyk egter word daar deur die Departement van Nywerheidswese regstellings gemaak ten opsigte van hierdie pryse.

Die prys van rotsfosfaat word bepaal v.o.s. Phalaborwa. Spoorvrag word op 'n geweegde basis bygevoeg in die bepaling van die pryse van oplosbare fosfate.

Swaelsuur

Swaelsuur is beskikbaar vanaf die goudmyne op plofstofvervaardigers as 'n byproduk, of word vervaardig van ingevoerde swael.

In die eerste geval word die pryse bepaal deur voorsieners waar die swaelsuur as 'n byproduk vrykom en vir die komende jaar ingehou in die prysformule. Waar swaelsuur gemaak word van ingevoerde swael, word gebruik gemaak van die verwagte kontraktuele swael-prys wat sal geld vir die prystydperk. Waar die pryse gekwoteer word, in buitelandse valuta soos byvoorbeeld V S A dollars, word daar gebruik gemaak van die verwagte R/\$ pariteit wat sal heers in die prystydperk. By die koste van swael word daar ook nog verder die koste van swaelsuur vervaardiging bygevoeg asook 'n rendement op gedepresieerde kapitaal. Hierdie kostes en rendement is dieselfde vir mengsels soos later beskryf.

Kalium

Alle kalium wat in die Republiek verbruik word, word ingevoer. In die prysvastelling word die verwagte gelande koste van kalium gebruik. Net soos in die geval van swael word daar ook gebruik gemaak van die verwagte koers van die Rand teenoor vreemde valuta vir die prystydperk. Spoorvragte vanaf

die hawestede word op 'n geweegde gemiddelde basis toegelaat.


Spoorvrag

Spoorvrag in die kunsmispryse is slegs die spoorvrag ten opsigte van grondstowwe en intermediêre produkte. Alhoewel daar volgens die prysformule slegs van bewese kostes gewerk moet word, word daar tog in 'n sekere mate uitsondering gemaak ten opsigte van spoorvrag. Normaalweg geskied spoorvragverhogings op 1 April. Daar word gepoog om die verwagte spoorvragtariewe wat op 1 April sal geld in die prysformule in berekening te bring. Soos verwag kan word ontstaan daar probleme in hierdie verband aangesien die werklike pryse nooit in besonderhede beskikbaar is vanaf die spoorwegowerhede nie.

Verpakking

Verpakking geskied in 50 kg sakke. In die prysbepaling word 'n geweegde gemiddelde van die verwagte koste van sakke ingebou. Hierdie verwagte koste is normaalweg die prys wat die sakvervaardigers per kontrak vra gedurende die nuwe prystydperk.

KOMPONENTE VAN DIE VERKOOPSPRYS VAN KUNSMIS



Ander grondstowwe

'n Klein hoeveelheid van spoorelemente soos sink en boor word ook gebruik. Dit geskied ook op die verwagte aankoopsprys vir die prystydperk.

Uitgawes

Produksiekoste

Produksiekoste kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik:—

Kostes wat aangegaan word in die vervaardiging van mengsels, en
Kostes wat aangegaan word in die vervaardiging van fosfate.

- (i) Kostes in die vervaardiging van mengsels
 - Aflaai-koste
 - Meng- en verkorrelingskoste
 - Verpak- en laaikoste
- (ii) Kostes aangegaan in die vervaardiging van fosfate
 - Aflaai-koste
 - Vervaardiging van swaelsuur
 - Vervaardiging van fosforsuur

Al bogenoemde kostes word bereken van die historiese geouditeerde gegewens van die mees resente finansiële jaar van die maatskappye betrokke naamlik: Triomf, Fedmis en Omnia.

In die bepaling van die produksiekoste per ton word as deler gebruik die werklike produksie gedurende die bepaalde tyd ten opsigte van elkeen van die kosteplekke. Die produksiekostes van al drie maatskappye word bereken vir elke vervaardigings-eenheid. 'n Geweegde gemiddelde koste vir die nywerheid word dan bepaal en word gevoeg in verhouding van die produksie van elkeen van die maatskappye.

Aangesien daar 'n deurlopende verhoging in die kostes van vervaardiging is, maak die nywerheid 'n berekening van die verwagte verhogings in die insette. In praktyk laat die pryskontroleur normaalweg tussen 60% en 70% hiervan toe afhangende van die kabinet se besluit.

Bemarkingskoste

Bemarkingskoste word op dieselfde basis gehanteer as produksiekoste, naamlik alle koste van mees resente finansiële jaar word gebruik — plus 'n aanpassing vir inflasie. As deler word gebruik die totale tonne verkoop gedurende die periode waar die kostes van toepassing was.

Administrasiekoste

Administrasiekoste word op dieselfde basis gehanteer as die ander kostes alreeds genoem.

Die probleem met die kostes wat toegelaat word lê in die bepaling van die kostes wat werklik sal geld en die volumes gedurende die prystydperk.

Ten opsigte van die kostes word daar gepoog om so na as moontlik aan die kostes te kom wat sal geld in die prystydperk. In die praktyk het die nywerheid nog nie hierin geslaag nie. Waar daar 'n relatief hoë vaste koste bestaan speel volume 'n belangrike rol in die verhaling daarvan. Teen huidige volumes vind daar dus 'n groot ondervertaling van kostes plaas.

Waardevermindering

Waardevermindering in die kostes hierbo genoem bestaan uit twee komponente:

- Waardevermindering wat werklik deur die maatskappye aangegaan is. Dit is die werklike waardevermindering wat afgeskryf was volgens die onderskeie maatskappye se finansiële state.
- Waardevermindering op verhoogde kapitaalkostes word op die vaste bates van elke maatskappye wat gehewardeer is met die groothandelsprys indeks. Die verskil tussen die werklike waardevermindering toegelaat en die waardevermindering al dus bereken word by die pryse gevoeg.

As deler word gebruik die verskillende produksietonne of as dit minder as 80% van die aanleg se kapasiteit was, word daar gedeel met 80%. Weereens het die volume 'n geweldige invloed in die jare met 'n lae deurset. Dit beteken dat veral in die beginjare van 'n aanleg se produksie die volle waardevermindering nie verhaal word nie.

Diskonto's

'n Diskonto van 2% word toegestaan op alle aankope deur koopeplasies. Die bedrag wat in pryse hiervoor toegelaat word, word bereken op die persentasie verkope wat deur die koopeplasies beweging gefinansier word. Dit is bykans 90% van alle verkope.

Vroë aflewingsrabat

Ten einde die seisoenale spoorvrag tekortkominge te oorbrug, asook om nie duur opbergingsfasiliteite te skep nie, het die nywerheid in samewerking met die regering en die Landbou-Unie 'n vroeë aflewingsrabat daargestel. Die doel hiervan is om kunsmis verkope gedurende die jaar aan te moedig.

Die diskonto word so bereken dat dit 'n vergoeding vir renteverlies asook 'n aanmoediging om vroeër te koop insluit.

Buffervoorrade vergoeding

'n Verdere maatregel om kunsmis eweredig oor die jaar te versprei bo en behalwe die V A R, was die toelating van buffervoorrade vergoeding aan Koöperasies. Gedurende die eerste paar maande van die jaar is boere nie baie likied nie en word daar aan die Koöperatiewe beweging 'n diskonto toegestaan sodat hulle kunsmis mag aankoop vir opberging vir latere verkope aan boere. Hierdie skema is tans ook uitgebrei na die suidelike gebied.

Rendement

Rendement op Bedryfskapitaal

Debiteure

'n Rendement van 15% word toegelaat op uitstaande debiteure. Hierdie rendement word egter op so 'n basis in die pryse ingebou dat aankope betaal moet word voor die 8ste dag na die einde van die maand wat volg op die maand waarin die aankope gemaak is.

In teorie word daar dus 'n rendement van 15% toegelaat op voorwaarde dat alle aankope voor die 8ste dag van die daaropvolgende maand betaal word.

Voorraad

'n Rendement van 15% word toegelaat op bedryfsvoorraad. Soos in die geval van debiteure word 'n termyn in die geval — 42 dae, gekoppel aan die rendement. Dit word dan as 'n persentasie by die finale prys gevoeg. Net soos hierbo is die rendement ook slegs teoreties.

Rendement op vaste kapitaal

'n Rendement van 15% word toegelaat op die boekwaarde van vaste kapitaal. Soos in die geval van uitgawes word die boekwaarde van bates aan die einde van die mees resente finansiële jaar geneem, en die rendement daarop bereken. Dié berekende rendement word gedeel met die produksie tonne van die betrokke jaar. Waar sodanige tonne minder as 80% van die aanleg se kapasiteit, word daar gedeel met 80% van die kapasiteit.

Slot

Pryse word vasgestel vir 'n jaar. Aan die anderkant van hierdie statiese prys leef ons in 'n geweldige dinamiese bedryfsomgewing:

Wisselkoerse verander
Rentekoerse wissel
Grondstofpryse verander
Spoorvragkoste verhoog

Dit is duidelik dat daar verskille sal ontstaan met die vasgestelde pryse. Die verskille wat ontstaan deur hierdie gebeure is vir die rekening van die kunsmisvervaardiger.

Die kunsmisbedryf staan binne 'n bedryfs-ekonomiese omgewing wat nie deur homself geskep is nie. Hierdie omgewing is 'n produk van 'n hele aantal faktore.

Om maar enkele voorbeelde te noem:

- Grondstof beskikbaarheid is plekgebonde. Hier kan 'n mens veral let op rotsfosfaat en Foskor, asook fabriek wat gebou moes word om swaelsuur te verwerk van die plofstof nywerheid.
- Die afset gebied van kunsmis is nie naby die grondstof bronne nie.

Indien hierdie eksogene faktore in aanmerking geneem word, vind 'n mens dat dit lei tot 'n groot aantal onbeheerde faktore in die verskillende komponente van die prysstruktuur. As 'n mens na die verdeling van hierdie komponente kyk dan is daar weliswaar slegs 'n klein persentasie waaroor die kunsmisnywerheid as sodanig 'n beheer het.

FERTILIZER PRICES — SUMMARY

The fertilizer industry has control over only a small percentage of the fertilizer price structure. Thus Mr N J J van Rensburg of Triomf Fertilizers in his address to the Annual General Meeting of the Fertilizer Society of South Africa held recently in Cape Town.

Prices are controlled by the State and are calculated on costs using a particular price formula. This formula allows fertilizer companies 15% return on working capital (outstanding debtors and working inventory) plus the book value of fixed capital.

Mr van Rensburg presented a detailed analysis of the price structure and showed that nearly 73% of the price was accounted for by raw materials. Working costs plus depreciation amounted to nearly 16%. After discounts (5%) the effective return to the companies was only 6,1%.

The dilemma of the fertilizer industry was that while we live in a dynamic industrial environment, prices were fixed once a year and remained static. Factors causing changes in costs and over which the industry had no control, were exchange rates, interest rates, raw material prices and railage costs. If such changes were to the detriment of the industry the manufacturer had to foot the bill.

Furthermore, the fertilizer industry found itself in an industrial economic environment over which it also had no control. He indicated for example that the availability of raw materials was situation-related (eg rock phosphate) and that the market was distant from the sources of raw materials.